GROEIGROEP MATERIAAL

Adresseer die Chaos 3

Anderkant die Chaos

Opening

Kan mens so blind wees vir iets dat jy dit wat werklik is kan mis? (Deel `n voorbeeld of twee uit julle lewe)

_____

_____

Inleiding

Ons is besig om met mekaar te gesels oor die chaos om ons. Hoe beleef julle die reeks sover en maak dit `n verskil in jou lewe?

_____

_____

C.S. Lewis het tot bekering gekom toe hy besef het daar is 'n hoër standaard wat ons nie geskep het nie. Hy het besef ons wil altyd beter word en die etiese/regte ding doen. Ons het 'n gewete wat ons pla as ons nie die regte ding doen nie. C.S. Lewis het besef dit is 'n standaard wat ons nie geskep het nie, en ons wil soos dit wees, maar ons val te kort en is nie soos dit perfek nie.

Bespreek die volgende stelling: Ons weet dat God juis ons as 'nie-perfekte' mense lief het, MAAR dit kan dikwels `n slegte verskoning word vir die 'meer' wat God vir ons begeer.

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Paulus het sy eerste kerk in Europa in die stad Filippi geplant. 10 jaar nadat hy die kerk in Filippi geplant het, skryf hy vir hulle 'n brief. Die brief was vir hulle van soveel waarde dat hy "kopieë" van die brief gemaak het, want dit was van die man wat hulle kerk begin het. Hierdie brief het deel van die Nuwe Testament geword en word Filippense genoem.

KOM ONS LEES

Filippense 1:6-11

Paulus sit in die tronk. Sou julle se dat sy lewe in chaos was?

_____

_____

Hoe hanteer Paulus hierdie chaos?

_____

_____

Wat was Paulus se dryfveer vir sy optrede? (vers 6 & 9)

_____

_____

Ons het reeds genoem dat C.S. Lewis tot bekering gekom het toe hy besef het daar is 'n hoër standaard wat ons nie geskep het nie.

Hoe motiveer hierdie hoër standaard jou in die keuses wat jy maak?

_____

_____

Ons kan dikwels so in ons ons eie chaos vaskyk dat ons die hoër ideaal kan mis. Ons gebruik ook dikwels ons omstandighede as verskoning om verby ons roeping te kyk. Ons mis uit op hoe dinge kan/behoort te wees. Chaos kan maak dat ons uit mis op dit wat God wil doen.

Bespreek die stelling en kyk na `n paar voorbeelde uit julle eie lewe.

Amen...